*Donderdag* **24 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 17:1-24**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 17:1;12, 24 (AFR33/53/83/2020)**

**God is in beheer van jou lewe**

Dit gebeur dat die lewe jou omdop waar jy die gevoel kry dat alles net buite beheer is. Dit voel of God daar ver is en glad nie betrokke is by wat om ons aangaan nie.

Dit is min of meer die situasie in die tyd van Elia. Die volk het nie meer gedink dat God regtig in beheer was nie en daarom het hulle offers vir Baäl; die afgod vir vrugbaarheid en reën; gebring om te keer dat die reën wegbly.

Elia se verhaal begin met sy aankondiging dat die reën sal wegbly en daarmee sê hy dat Baäl geen beheer oor die reën het nie. Koning Agab het nie daarvan gehou nie en daarom het Elia gaan wegkruip by die Kritspruit waar die kraaie wat deur God gestuur is, vir Elia sorg. Hiermee word beklemtoon dat God vir die mense sorg en nie Baäl nie.

Die volgende episode vind in Sarfat, die hartland van die Baälgodsdiens, plaas waar God vir die weduwee en Elia sorg met die meel en olie wat nie opraak nie. Dan tref ’n ramp die weduwee. Haar seun sterf. God maak egter die kind weer lewendig nadat Elia tot Hom bid. Hiermee besef die weduwee dat God die HERE is en nie Baäl nie.

Maar hoe kan ons weet dat God vandag nog steeds in beheer is? In hierdie verhaal sien ons hoe God vir sy geliefdes in die verre verlede gesorg het omdat Hy omgee. Hy gee soveel om dat Hy sy Seun gestuur het om te sterf en sodoende die dood te oorwin sodat ons kan lewe. Daarom kan jy vertrou dat Hy ook vir jou sorg en dat Hy steeds in beheer is, selfs wanneer dit lyk of alles uitmekaar val en buite beheer is.

*Sing: Psalm 33-1:6*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*